

Nico: Om jou geld in 'n uittree-annuïteit op te sluit is nie altyd die beste opsie

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-om-jou-geld-in-n-uittree-annuïteit-op-te-sluit-is-nie-altyd-die-beste-opsie-20261023-1072

Een van die voordele van 'n uittree-annuïteit is die belastingverligting wat dit bring. Maar in sommige gevalle weeg toegang tot spaargeld swaarder, skryf Nico van Gijsen.

As jy jou inkomstebelasting minder wil maak, belê tot die maksimum toegelate aftrekbare bedrag per belastingjaar in 'n uittree-annuïteit (UA).

Dit is baie goeie finansiële raad. Ek is seker dat die meeste finansiële raadgewers wat hierdie rubriek lees (en daar is baie) met my sal saamstem. Ek is ook seker dat hulle sulke aanbevelings vir hul kliënte maak.

Maar is dit altyd goeie raad? Dit is die vraag wat ek vandag ondersoek.

My onmiddellike reaksie, nadat ek dit behoorlik deurdink het, is nee. 'n Besliste nee.

UA's het baie voordele; die belastingverligting wat dit bring, is een daarvan. Maar ons moet die produk skei van die finansiële raad wat die aanbeveling onderlê. Mense se finansiële behoeftes verskil. Wat dus geld vir een, geld nie noodwendig vir die ander nie.

Kom ons pluis dit uit, met veral klem op die belastingvoordele van 'n UA.

Verskillende mense, verskillende behoeftes

Kom ons kyk na drie kliënte. 'n Jongerige persoon, A, wat spaar vir sy of haar aftrede en dan B en C, wat albei reeds afgetree het. Hoe lê die aanbeveling van 'n UA by elkeen onderskeidelik?

Die bydraes tot 'n UA (alle aftreefondse waarvan jy lid is, saam geneem) is belastingaftrekbaar (per belastingjaar) tot 27,5% van jou inkomste of salaris met 'n maksimum van R430 000. Kortom, as jou marginale belastingkoers 35% is, kos dit jou net R65 vir elke R100-voordeel in beleggingswaarde.

Dan is daar ook nog voordele soos die groei in die UA-fonds wat vry is van belasting, inkomste-, kapitaalwins- en dividendebelasting. Dit is beskerm teen skuldeisers. En by dood is die volle waarde van die geld wat jy reeds kon aftrek vir inkomstebelasting met al die jare se groei daarop ook belastingvry, en vry van boedelbelasting.

Vir 'n jongerige persoon is dit 'n baie goeie manier – indien nie 'n ideale manier nie – om 'n aftree-neseier te bou. Soos ek onlangs hier geskryf het, spaar jy maar so 11% van jou

salaris vir aftrede in jou tipiese werkgewer-aftreefonds, wat te min is vir 'n sorgvrye aftrede.

Die UA sou pasgemaak wees vir A en sy of haar doelwit van 'n sorgvrye aftrede.

Wat van B en C?

Hulle het reeds afgetree. Die volgende groot finansiële gebeurtenis in hul lewe is die dood. Maar tot dan wil hulle hul belastingverpligtinge beperk. Nie ontduik nie – dit is skelm.

Ek het binne 'n week met 'n B en 'n C te doene gehad. Albei kry 'n maandelikse pensioen, genoeg om van te leef. B het 'n deeltydse werk wat vir hom 'n bykomende inkomste bied en dus ook sy belastinglas swaarder maak. C het 'n groot klomp geld op belegging waarop sy belasting moet betaal.

Albei wil minder belasting betaal. En om dit te bereik is 'n UA die logiese aanbeveling. My aanbeveling vir elkeen was egter anders. Hoekom?

My raad vir B?

Los die UA. Jou bykomende spaargeld is nie baie nie. Bou liever hierdie neseier deur jou ekstra inkomste daarin te spaar. Ja, jy spaar met nabelaste geld en ja, die groei in die belegging is belasbaar.

Maar wanneer jy geld wil onttrek – of dit is vir jou huis se dak wat afgewaai het, of om jou vrou op daardie beloofde oorsese reis te neem, of dalk as jy 'n gevreesde siekte opdoen – is dit beskikbaar. En dan is die onttrekking belastingvry.

Spaar jy hierdie geld in 'n UA, het jy nie dieselfde toegang daartoe nie. Jy sal eers moet uittree uit die UA en 'n pensioen aankoop met minstens tweederdes daarvan (as jy die eenderde in kontant neem). En die pensioeninkomste is belasbaar.

Kortom, B se behoefte is bykomende spaargeld waartoe hy toegang het. Die belastingvoordeel van die UA weeg minder.

My raad vir C?

C se omstandighede is anders. Benewens die feit dat sy 'n goeie aftree-inkomste het wat nog lank in haar behoeftes gaan voldoen, het sy etlike miljoene op belegging. Meer as genoeg om aan enige wens te voldoen (gelukkig is sy verstandig) en sy kan daaruit geld belastingvry onttrek.

Maar sy het 'n inkomstebelastingprobleem.

In haar geval is dit heeltemal sinvol om die volle R430 000 (van hierdie jaar af, verlede jaar was dit R350 000) in 'n UA te spaar. Teen 'n 45%-belastingkoers bespaar sy onmiddellik R193 500 se belasting. Nie sleg nie.

Sy is in die gelukkige posisie dat sy die geld in die UA kan spaar wetend dat sy dit nie vir alledaagse gebruike gaan nodig kry nie. Sy kan dit belê en uitlos. Dit groei belastingvry en by dood sal dit help omdat daar ook nie boedelbelasting op betaalbaar is nie.

Finansiële produkte en finansiële raad

My voorbeeld illustreer hopelik die verskil tussen 'n finansiële produk wat vir almal dieselfde voordele inhou, en die finansiële raad wat die produk regverdig.

Die produk, 'n UA, 'n lewenspolis, of wat ook al, is die oplossing vir 'n probleem. Om die beste daaruit te haal moet die probleem eers geïdentifiseer word. Dit vereis finansiële beplanning.

En dan, soos ek hierbo uitwys, selfs as die probleem dieselfde is, is die oplossing nie altyd die voor die hand liggende een nie.

Volg jou werklike behoeftes, nie die oogluikende produk nie.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg, 2000 of nico@finlac.com.

weekliks@rapport.co.za